# DIE WOESTE LAEVELD REEKS

## BEMINDE VERRAAIER - NO 5

DEUR DEWALD BRINK EN BRAAM LE ROUX



# BEMINDE VERRAAIER

*deur*

**DEWALD BRINK en BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2020

# Beminde Verraaier

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1950's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

BEMINDE VERRAAIER
deur Dewald Brink en Braam Le Roux

ISBN 978-1-928498-67-4

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2020)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Deur die ruigtes beur Len van Staden heen tot op die oewer van ’n groot rivier. Dit wemel daar van seekoeie en krokodille en in die ruigtes agter hom, is gevaarlike wilde diere... Skynbaar kom geen menslike wese ooit hier nie. En tog, daar aan die oewer van die breë, diep seekoeigat lê ’n swaar pen vasgemaak! Dit is die pont wat deur die boewe gebruik word vir hulle nagtelike rowery.

Len van Staden, met sy rewolwer bandelier stewig vasgegespe om sy heupe, staan roerloos stil om die betekenis hiervan te laat insink. Is sy eertydse boesemvriend dalk hierin gemoeid?. En dalk ook die meisie op wie Len eens op ’n tyd verlief was. Hy staan en wonder wat moet hy nou verder moet aanvang?

Dit is ’n enorme probleem wat Len van Staden in die gesig staar. Hy het ’n reuse-taak en ’n reuse-probleem voor hom, om agter die waarheid te kom en reg en geregtigheid te laat seëvier.

Die uitvoering van hierdie bittere taak, is die tema van hierdie verhaal, wat afspeel in die romantiese dae van die Woeste Laeveld, toe die geweer en rewolwer nog die wet voorgeskryf het en toe verraaiers sommer voor die voet aan bome opgehang was.

# UITTREKSEL

Van Staden se geoefende ore het in die verte iets soos die geknal van ’n rewolwer gehoor. Hy luister nou aandagtig en hy kan ook sien dat sy vos iets gewaar of gehoor het. Maar hy hoor geen verdere geluide nie en na ’n paar oomblikke ry hy weer versigtig verder tot by ’n rots op ’n hoogtetjie. Sy oë fynkam die wêreld onder hom.

Meteens verstyf sy spiere weer. Hy het ’n beweging gesien. Sy arendsoë is lank op die plek gevestig. Toe sien hy dit weer. Hy haal sy verkyker uit om beter te kan sien wat daar aangaan. Geen seshonderd tree voor hom nie sien hy twee sluipende gestaltes, sowat vyftig tree of meer van mekaar af. Vir slegs ’n gedeelte van ’n oomblik sien hy hulle. Len kan dit nie begryp nie. Dit lyk soos twee manne wat op mekaar nader sluip. Maar net voordat hy hulle mooi met sy verkyker kan bekyk, verdwyn albei agter ’n plaat bome en ’n klomp rotse in. Dit is ruiterlose manne en Len kan nêrens in die nabyheid perde sien nie. Hy wonder wat dit beteken.

# INHOUD

**Hoofstuk**

Hoofstuk 1

Hoofstuk 2

Hoofstuk 3

Hoofstuk 4

Hoofstuk 5

Hoofstuk 6

Hoofstuk 7

Hoofstuk 8

Hoofstuk 9

Hoofstuk 10

Hoofstuk 11

Hoofstuk 12

Hoofstuk 13

Hoofstuk 14

# 5. BEMINDE VERRAAIER

## Hoofstuk 1

Lettie se hart klop in haar keel, en haar hande bewe toe sy die deur toesluit. Sy kom agter hoe haar hande bewe toe sy die lamp amper laat val toe sy dit van die kombuistafel af opneem en na die sitkamer toe daarmee loop.

Waarom voel sy so onrustig vanaand? Dit is tog nie die eerste keer dat Koos haar hier so stoksielalleen in die groot huis laat bly nie. Sy het geweet dat dit een van sy manne, Van Niekerk, is wat aan die agterdeur klop, maar vir ’n oomblik was sy so verlam deur skrik, veroorsaak deur sy skielike, harde geklop, dat sy nie die deur kon oopmaak en die briewe by hom neem nie.

Sy stap nou met die briewe deur na die sitkamer toe. Daar is een van haar pa en ma, en een in ’n handskrif wat vir haar heeltemal vreemd voorkom. Maar toe sy nou, onder die lamp se lig, aandagtig daarna kyk, begin haar hart meteens opgewonde te klop.

Dit is mos Len se handskrif daardie Len van Staden! Sy sit die lamp op die tafel neer, met die swaar groen tafelkleedjie daaroor, en oorhaastig skeur sy Len van Staden se brief oop. Dit is slegs ’n kort, haastig geskryfde briefie. “Beste Koos en Lettie, Ek skryf net haastig om te laat weet dat ek in hierdie week seker nog daar by julle sal uitslaan. Ek kom eintlik op amptelike werk na daardie geweste toe, maar sal darem seker kans hê om bietjie by julle te kom gesels oor die “goeie ou

dae." Ek skuld julle nog altyd 'n gelukwensing met julle troue. Groete. Len van Staden."

Lettie staar na die brief in haar hande. Daar is 'n blos van opgewondenheid op haar wange, want hierdie tyding van Len, dat hy kom kuier, is die laaste ding op aarde wat sy ooit verwag het. Trouens, sy het al gewonder of Len dalk dood is. Ses maande gelede het hy soos 'n grootspeld uit haar lewe verdwyn nadat sy dae en nagte deur aan hom gedink het, met die vaste verwagting in haar hart, dat hy eendag sal opdaag en haar sal vra om sy vrou te word. Maar hy het nooit gekom nie.

En hy het geen taal of tyding gestuur van wat van hom geword het nadat hy daardie skurke wat hy op haar ouers se plaas betrap het, na Lydenburg geneem het om voor die land dros te verskyn nie. Sy het gehoor dat hy weg is na Pretoria. Maar hy is nie met die poskoets weg nie, dog te perd, en gevolglik kon sy nie glo dat sy reis so ver is nie. Sy het verwag dat hy enige dag daar sal uitslaan, met sy innemende glimlag, en van nuwe avonture wat hy as spesiale polisie-agent deurmaak het, te vertel sal hê.

Maar hy het nie gekom nie. En Koos Basson was elke dag op haar ouers se plaas Koos, wat, toe hulle nog op die Hoëveld gebly het, haar speelmaatjie was. Vroeër was daar 'n verstandhouding tussen haar en Koos, hoewel sy toe eintlik maar 'n skooldogter was. En Koos het op taktvolle wyse die dooie kole van die vuurtjie van destyds aangeblaas. Haar pa het vir Koos sterk gesteun in sy poging om haar hart en haar hand te wend want heimlik het hy vir Len, ten spyte van sy onuitspreeklike

dankbaarheid jeens hom, seker maar al die tyd as ’n bietjie van ’n avonturier en ’n losbol beskou.
Die weke van Len se swygsame afwesigheid het in maande verander, en uiteindelik het sy voor die toenemende druk geswig.
Lettie weet dat haar pa ’n sug van verligting geslaak het toe sy besluit het om met Koos Basson te trou.
En nou kom hierdie briefie van Len!
Om Lettie se mondhoeke kom ’n huiwerende glimlaggie. Dit is ’n glimlaggie waarin amper ’n sweem van vrees gewaar kan word. Sy wonder wat die noodlot daarmee voor kan hê.
Lank sit sy roerloos na die reënerige donkerte daar buite en staar. Haar gedagtes dwaal baie ver weg. Waar sou Koos vanaand wees? Waarom voel sy onrustig oor Koos se bedrywighede in die laaste tyd?
Sy stoot uiteindelik met ’n sug die snaakse gedagtes wat in haar hart kom, van haar af weg, skeur die brief van haar ouers oop en lees dit, en toe gaan sy slaapkamer toe.
Maar sy kan nie slaap nie.
Twee uur later, toe dit al naby middernag is, is sy nog wakker. Haar hart jubel meteens van verligting en blydskap toe sy Koos se kenmerkende geklop aan die agterdeur hoor.
“Naand, skatlam,” groet hy toe hy haar soen. Hy is nat gereën en sien daar moeg uit, en meteens is sy diep spyt oor die bittere gedagtes oor hom wat ’n tyd lank in haar hart was. Hy was seker maar kalwer-koeie toe in die

berge, soos hy daardie middag gesê het, om daardie takkraal wat hy as beskutting teen ongediertes vir hulle laat maak het, te voltooi.

“Enige nuus?” vra Koos toe sy vir hom die bord lou warm kos uit die oond haal en voorsit.

“Raai wie kom kuier? Jy sal nooit raai nie jou ou skoolmaat, Len van Staden!”

“Ag nee! Tog nie ou Len nie!” roep Koos verras uit. “Nou toe, dit is ’n aangename verrassing hoor! Waar kom jy daaraan?”

Lettie gee hom die brief om te lees.

Koos en Len was glo saam op skool, en meer as ’n jaar lank, voordat Len se ouers na die distrik Pretoria verhuis het, was bulle boesemvriende en het hulle selfs in ’n paar avonture beland waarin hulle mekaar hand en tand bygestaan het. Koos het haar met gretigheid van hierdie avonture vertel nadat hy verneem het dat sy met Len van Staden te doen gehad het.

’n Uur later lê Lettie vas aan die slaap, nou meer tevrede en gerus. Koos Basson kan egter om die een of ander rede, ten spyte van sy moegheid, nie tot rus kom nie.

Die oggendluggie waai vars teen Lettie se wange, streel sag oor haar goedversorgde vel. Haar blou oë kyk wakker om haar heen, en sy adem die môrelug diep in. Die Bos veldlug is geurig, dit is asof dit nuwe lewenslus in haar are laat bruis.

Die kapkar stamp oor die oneffe pad, kronkel deur die bosse en hier gooi dit ’n wye draai om ’n rotskoppie. Koos Basson lyk afgetrokke, amper bekommerd, waar

hy regop langs haar sit, met die leisels in sy hande. Vandat hulle vanoggend by die huis weg is, het hy nog maar baie min gepraat. Lettie wonder wat hom hinder. In die laaste tyd is hy soms so onverklaarbaar stuurs teen haar.

Sy kyk tersluiks na Basson, met sy breë skouers, sy aantreklike, skoongeskeerde gesig. Hy het kakiedrag aan, en sy hempsmoue wat afgerol is, verberg harige, frisgeboude arms. Om sy heupe hang sy rewolwer bandelier waarsonder hy in die laaste tyd amper nooit op reis gaan nie.

"Koos," verbreek Lettie die stilte. "Jy lyk alte nors van môre, asof die honde jou kos afgeneem het."

"Wat kan jy anders verwag? Die hele nag was ons agter 'n paar verlore koeie met pasgebore kalwers aan. Ek kan jou een ding sê, as ek nie gisteraand saam met twee manne uitgegaan het op soek na die koeie in kalf wat weggeraak het nie, sou ons van ons beste korthorings verloor het. Kom, Rubie! Die vervlakste perd is glad befoeterd so skrikkerig dat hy net uit die pad wil uitvlieg," kom die antwoord van Koos Basson onderwyl hy die swaar rewolwer aan sy regtersy, wat laag op sy heup hang, 'n bietjie opstoot.

"Maar, Koos, jy kon darem vroeër terug gekom het. Wat se oornagtery is dit in die veld wanneer dit reën? Jy kon dit aan die ander twee oorgelaat het om die koeie en kalwers kraal toe te bring," protesteer Lettie.

Koos Basson haal net sy skouers op en kyk met sy groen grou oë voor hom uit. 'n Honderd treë voor hulle in die

pad bokspring die gespierde bruin hings, Koos Basson se ryperd, met die oorlamse bruinman op sy rug. Die dier is ook vol lewe vanoggend. Dit is ’n ou manier van Basson om sy ryperd altyd saam te karwei as hy dorp toe gaan. Hy kry hom altyd nodig, en buitendien, die bruinman, Moos, kan nie op die kar saam met hulle ry nie, en op die dorp het hy hom altyd nodig om die nodige goed kar toe aan te dra.

Die omgewing wat hulle nou binnegaan, word al hoe meer bebos. Toe hulle ’n hoogtetjie afsak en tussen twee tamaai rotsblokke deur ry, is hulle op die grond van Lettie se oom, Thys Viljoen. Dit is ’n ruwe stuk wêreld hierdie vol koppies en rante, diep klowe. Dit was nog altyd ’n lus vir Lettie Basson om hier op haar oom se plaas te kom kuier.

“Ry ons nie bietjie by oom Thys aan nie, Koos?” vra Lettie.

“Ons kan maar ek is darem al moeg vir die ou se groot pratery. Dit is maar altyd dieselfde ou deuntjie wat hy holrug ry, hoe hy alles beter as ’n ander kan doen, hoe hy die beesdiewe uitoorlê het, hoeveel pasgebore kalwers hy bygekry het, en dat sy manne die beste en die wakkerste in die hele kontrei is.”

Lettie kyk Basson verbaas aan. Hy skyn self dadelik spyt te kry oor sy wrewelige uitlating en glimlag haar verontskuldigend toe. Basson bemerk nou, die eerste keer van oggend, hoe mooi sy vroutjie daaruit sien. Sy lyk betowerend aanloklik soos sy hier langs hom sit met haar bloedrooi wange en die vonkeling van afkeuring in

haar oë.
“Skaam jou, Koos! Hy is darem so ’n goeie ou siel. Ek het ook al gedink dat hy super-manne moet hê wat vir hom werk, want oom Koos se beeste word gedurig deur beesdiewe aangekeer, hier in die ruigtes en klowe, waar hulle baie maklik met die diere kan wegkom maar hy kry sy beeste altyd weer terug. Maar dit is tog nie rede vir jou om so bitsig teen hom te wees nie. Dalk is die ou maar te trots om sy verlies te erken!”
Koos haal weer sy skouers op.
“Wel, solank as jy met die ou windlawaai gesels, wil ek ’n bietjie na sy nuwe korthorings gaan kyk.”
“Sies, Koos, moenie so sonder ontsag oor ’n ou mens praat nie. Onthou, hy bly my oom!” berispe Lettie hom weer.
Basson lag, en gee sy vrou so ’n speelse drukkie.
“Nou ja, ekskuus, skatlam.”
Kopspelend kom die perde voor ’n groot plaashuis tot stilstand.
Oom Thys, wat twee jaar gelede wewenaar geword het, sit reeds op die voorstoep oor die bergagtige wêreld en kyk. Hy het ’n kromsteelpyp in sy mond. Hy staan moeisaam op, want hy is geen bloedjong man meer nie, en in die laaste tyd kla hy dikwels oor allerlei kwale.
“My wêreld! Koos, Lettie! My wêreld! Jonas, Jonas, kom span uit, my ou klong!” skree oom Thys van veral. Hy stap nader, Koos Basson help vir Lettie af, “Lettie, kind, maar jy sien daar goed uit dit lyk my ou Koos ken sy werk!” En hy lag luid asof hy sommer ’n goeie grap

gemaak het. Hy vat Lettie aan haar skouers en druk ’n soen op haar wang. Die stoppelbaard staan woes op die ou se gesig.
’n Opgeskote swartetjie is reeds byderhand om die perde te help uitspan, maar Koos keer hom.
“Nee, Jonas, ons ry sommer nou-nou weer. Jy kan maar net voor die perde staan hulle is vanmôre die ene lewe.”
“Ag nee-wat, wat se haastigheid is dit, Koos? Jy is altyd soos ’n wind in en uit. Kom stoep toe, jong, en laat die swarte uitspan,” sê oom Thys.
“Nee, Oom, ons is op pad, Silver Streams toe. Ons moet aandruk, want ons moet vanaand nog probeer terug,” val Lettie tussenbeide.
Koos Basson wenk vir Moos, sy bruinman, om die perd aan die verandapaal vas te maak.
“Ek sal die ryperd nou-nou nodig kry, Moos,” laat hy hoor. Oom Thys het na die kombuis se kant toe geskree vir drie koppies koffie. Sy oë val op die frisgeboude Koos Basson toe hy die stoeptrap opklim. Oom Thys dink weer wat hy nog altyd van Koos Basson gedink het, hy wil nie graag onder daardie sterk arms deurloop nie. En daardie blitsende groen grou oë van die vent! ’n Mens kan amper sê daar skuil iets wreed in.
“Toe, oom Thys, ek het net hier aangery om jou kort horings te gaan besigtig, ek hoor Oom het so ’n slag geslaan met die puik diere,” vlei Koos Basson.
“Kosie, nou praat jy. Dit is die pragtigste diere in die hele Laeveld, en daar verloor ek hulle gisteraand nog, praat oom Thys luid.